**Tema:** Onthou om te onthou
**Skriflesing:** Deuteronomium 8

Daar is ‘n bekende ou liedjie met die refrein: *Onthou om te onthou . . . vergeet om te vergeet.* Dis ‘n liefdesliedjie maar kon net sowel ‘n gesang of ‘n psalm gewees het. Want dit is presies wat ons Bybelse gesange en psalms is, trouens waaromheen ons Christelike geloof gaan – ons moet onthou om te onthou. Dis waaroor die Bybel gaan. Dis hoekom daar ‘n evangelie is. Dis hoekom daar ‘n Sondag is. Dis hoekom daar ‘n erediens is. Dis hoekom die kerklike jaar daar is. Dis hoekom daar geloofsbelydenisse is. Dis hoekom die sakramente daar is: om ons te herinner, dat ons kan onthou!

Die Bybel is ‘n biblioteek van verhale, geskiedskrywing, gedigte, evangelies, briewe – om ons te laat onthou.

Die boek Deuteronomium is by uitstek so ‘n onthou-boek. Moses staan op die Moabvlakte. Die volk Israel is in transito. Agter hulle lê hulle storie van slawerny in Egipte, hoe God hulle laat trek het na die farao ingegee het met die 10de plaag, hoe die Rooi See oopgegaan het, God se voorsiening van water, kwartels, manna elke dag – 40 jaar in die woestyn. Voor hulle lê die Jordaan en annerkant die Jordaan die Beloofde land Kanaän.

Deuteronomium is Moses se laaste preek, sy laaste boodskap voor hy die berg Horeb gaan klim en daar gaan sterf. Met hierdie laaste boodskap kom herinner Moses die volk waar hulle vandaan kom en waarheen hulle oppad is. Hy herinner hulle hoe God hulle kom bevry het. Hy herinner hulle aan die afgelope 40 jaar, Sy sorg (Deut 1-11), die inoefening van die Wet en ander wette om ‘n gesonde gemeenskap te

verseker (Deut 12-27). Hy herinner hulle aan hulle identiteit – wie hulle is en Wie s'n hulle is. Dan roep hy hulle op om 'n altaar te bou (Deut 28) van klippe wat hulle uit die Jordaanrivier optel en om al die wette op die klippe te skryf – en wanneer hulle dit sien, as hulle gaan aanbid op die Ebalberg, om dit te onthou.

Deut 6:6-9 is 'n mooi opsomming van Moses se intensie:

*6"Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. 7Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan. 8Jy moet dit as herinneringsteken vasbind aan jou hande, en dit moet 'n merk op jou voorkop wees. 9Skryf dit op jou deurkosyne en op jou stadspoorte.*

**Ons is 'n onthou-kerk**

*Onthou* behoort tot die kern van ons geloof en ons denke oor God. Dis 'n spesifieke manier van onthou – dis nie om nostalgies te raak en jou te verloor in die verlede nie. Dis ook nie om ou koeie uit die sloot te grawe en te blameer nie. Hierdie onthou (*anamnese* [Grieks] en *zakar* [Hebr]) is eerder om die verlede te bring na die hede; sodat jy hoop kan kry vir die toekoms. Dit is om God te onthou. Om Hom in die onthou te ontdek, in die stories raak te sien. Hy is die kruispunt wat my en jou storie nuwe perspektief kom gee.

Die ***erediens*** is by uitstek die plek waar ons onthou, waar ons herinner word. In hierdie *onthou* word ons **saamgebind** (*re-member*). Ons ontdek dat ons nie alleen staan in hierdie wêreld nie. Ons is deel van 'n gemeenskap, 'n liggaam, dié liggaam van Christus. En in die saam vertel en onthou word ons ook geheel. In die saam onthou, raak dit 'n plek van **her-orientasie** – onthou waar ons vandaan kom, waar ons nou is, waarheen ons oppad is. In die onthou kry ons **koers**, rigting. In saam onthou kry ons **krag** en word ons versterk vir die volgende week wat voorlê.

**Hoe herinner ons mekaar, hoe onthou ons?**

- Bly praat, sing daaroor – vertel die geloofstories
- Sakramente – tekens van brood en wyn, water
- Stop by elke ete – sê dankie
- Geloofsgewoontes – bid, lees Bybel, gee, mediteer, skryf joernaal, raak betrokke by mense in nood
- Maak jou eie klipstapels

**Om oor na te dink en saam te gesels**

- Deel met mekaar geloofstories wat jou lewe nuwe koers kom gee het.

- Watter stories uit die verlede vermy jy? Waar was God in hierdie storie? Hoe kan die onthou hiervan jou heroriënter en nuwe koers in jou lewe bring?
- Breek saam ‘n stukkie brood. In die saam eet word ons *re-member,* herinner aan ‘n geloofstorie wat die ganse mensedom kom verander het en ons saambind met gelowiges oor die ganse wêreld. Watter betekenis hou dit vir jou in?